

Kareeberg Munisipaliteit

18/2023 ASSISTENT BIBLIOTEKARIS: VOSBURG

Aansoeke op die voorgeskrewe aansoekvorm word ingewag van bevoegde tweetalige persone tot **15 Junie 2023** om 16.30.

Applikante moet oor die volgende kwalifikasies beskik:

- Graad 12
- relevante naskoolse kwalifikasie of diploma - NQF vlak 4
- ten minste 1 jaar relevante ondervinding.
- Goeie kommunikasie vermoë en menseverhoudings
- Rekenaarvaardig en werkservaring op die SLIMS-stelsel sal in die kandidaat se guns tel.
- oor 'n geldige kode EB lisensie.

Pligte behels onder andere

- Administrasie en interaksie met die publiek deur
 - Kommunikasie met nuwe en bestaande biblioteekgebruikers
 - Registrasievorms of nuwe lidmaatskapkaarte uitreik
 - Uitreik en ontvang van biblioteekboeke, ensovoorts
 - nuwe boeke uitstal en relevante inligting vertoon
 - handhawing en voortdurende opdatering van statistieke met betrekking tot die sirkulasie van boeke en ledegetalle
 - hanteer personeel, telefoniese navrae, hernuwings, besprekings en advies vir skooltake
 - die administrasie van kataloguskaarte ten opsigte van hul volgorde, uithaal en liaseer van kaarte
 - rak boeke in ooreenstemming met toekennings (fiksie/niefiksie, skrywer verwysing)
 - help met die uitvoer van voorraadtellings van biblioteekmateriaal en die opdatering van die databasisse
- Om te verseker dat administratiewe prosedures wat verslagdoeningsvereistes met betrekking tot die funksies/aktiwiteite van die biblioteek bepaal, nagekom word
- Bestuur en versorging van boeke deur geskeurde boeke te herstel, nuwe boeke te ontvang en uit te pak en voor te berei om op rakke geplaas te word.
- Toesig oor skoonmakers

Die vergoeding is op posvlak 9 (R230 658.00 - R299 355.00 per jaar). Aansoekers met relevante ondervinding sal voorkeur geniet.

Aansoekvorms, asook volledige besonderhede van die Raad se diensvoorwaardes en voordele kan by die Hoof: Korporatiewe Dienste verkry word gedurende kantoor-ure. Die Raad sal die beginsels soos vervat in die Wet op Gelyke geleentehede volg.

Indien u nie binne sewe dae vanaf sluitingsdatum 'n antwoord ontvang het nie, kan u aanvaar dat u aansoek onsuksesvol was. CV's van onsuksesvolle applikante sal slegs op versoek teruggestuur word. Die Munisipaliteit behou die reg voor om geen aanstelling te maak nie.

MNR. MT MONGWE
WAARNEMENDE MUNISIPALE BESTUURDER


Posbus 10
Carnarvon
8925

Tel. 053-3823012

17 Mei 2023

L4.3.R

Kennisgewingbord
Noordwester, 17 Mei 2023
Web: www.kareeberg.co.za

 19/05/23